

26 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Romeine 11:33-36

Fokusgedeelte: Romeine 11:36 (1983-vertaling)

Jou verlossing is nooit ou nuus nie – loof God daarvoor!

CHRISTUS HET JOU VERLOS! Doen hierdie vier woorde iets met jou, of is dit al ou nuus? Nadat Paulus tot en met vers 32 oor ons verlossing deur Christus gehandel het, *oorweldig* dit hom só dat hy skielik in lof uitbreek teenoor die Here. Wat is groter, ryker, of meer waardevol in jou lewe as om verlos te wees? Oorweldig dit jou ook dat jy spontaan die Here wil loof?

Die oorweldigende lof van verse 33 tot 36 bou op en vind in vers 36'n hoogtepunt: Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Uit Hom: Hy is die bron van alles wat daar is! Die bron van lewe, van hoop, van blydskap en vreugde. Die hele gedagte om die verlore mens te verlos, kom net van God af. Hy was nie daartoe verplig nie – Hy doen dit uit liefde vir ons.

Deur Hom: Met sy kennis en wysheid om ons verlossing sinvol en volmaak te kan deurvoer, doen God dit Self deur Jesus Christus. Geen mens het die geringste aandeel daarin nie. Ons allerbeste daad kan niks tot ons verlossing meewerk nie. Hy werk so anders, so volmaak – ons kan sy werke nie verstaan of naspel nie. Ons dink daar is chaos – dan werk Hy doelgerig deur alles heen.

Tot Hom is alle dinge: Die woordjie “*tot*” beteken om iets regdeur alles tot die eindpunt toe te neem. Die verloop van die hele wêreld, en ook ons lewe en verlossing, sal deur God tot 'n sinvolle eindpunt of doel geneem word. Alles kom uiteindelik bymekaar in God se sinvolle oorspronklike bedoeling. Elke beproewing, alle hartseer en lyding word deur God tot 'n volmaakte Goddelike doel gebring. Wat Hy begin het, voer Hy voorspoedig uit.

Mag jou verlossing jou oorweldig in oorweldigende eer aan God!

Sing: Psalm 116:7, 10

Ds HJ (Hennie) Briel (Petrusburg en Boshof)